# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | JUNIE 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS HUISTAAL: SKRYF |
| **VRAESTEL** | 3 |
| **PUNTE TOTAAL** | 100 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 16 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# AFDELING A: OPSTEL

**AFDELING A** word volgens die aangehegte rubriek uit **<u>50</u>** geassesseer. Die kandidaat mag slegs oor EEN onderwerp/prent skryf. Hy/sy mag enige tipe opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

Die kodes word aan die einde van die opstel soos volg aangedui:

**Voorbeeld**:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Inhoud: | I | = | KL – 21 |
| 2. Taal, styl en redigering: | T | = | GH – 7 |
| 3. Struktuur: | S | = | G – 3 |
| Skryf die totaal van die opstel aan die regterkant (onder die opstel). | | | 31 |

Dra die punt uit 50 oor na die **BEGIN** van die opstel. Dit behoort by die beplannings-gedeelte te wees.

**DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL**

- **Inleiding**: Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekendgestel word. Die paragraaf behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.
- **Liggaam**: Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.
- **Slot**: Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van ’n verhalende, beskrywende en bespiegelende opstel vat die slot die skryfstuk saam, terwyl ’n argumenterende, beredeneerde en verklarende opstel se slot die skrywer se finale standpunt/mening weerspieël.

## VRAAG 1: OPSTEL

**Riglyne**
Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidate se oogpunt en volgens hulle interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande nasienriglyne) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat mag gevolglik enige tipe opstel aanbied, soos byvoorbeeld:

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | **Een oggend met sonsopkoms …**<br>In hierdie verhalende/beskrywende opstel kan kandidate vrye teuels aan hulle gedagtes gee en die opstel kan wyd interpreteer word.<br><br>Hulle kan skryf oor ’n aangename/onaangename verrassing wat hulle een oggend vroeg te beurt geval het. Jagters onder die kandidate kan vertel oor ’n suksesvolle/onsuksesvolle jaguitstappie. Die titel kan ook die inleidende sin van ’n opwindende vakansievooruitsig wees wat voorlê – die Wildtuin/by vriende of familie gaan kuier/skivakansie in die Alpe.<br><br>Die opstel leen hom ook daartoe dat kandidate oor ’n besondere natuurtoneel kan skryf. Dit kan bv. ’n oggend in die Bosveld/op ’n plaas/in die stad/in ’n motor wees nadat dit gedurende die nag gereën en die son opgekom het en hulle kan die skoonheid van die oggend beskryf: bome, gras, veld, plante, uitsig, wolke, voël- en dierelewe. Of dit kan ’n oggend op ’n plaas wees en hoe die plaaswerkers besig is om gereed te maak vir die dag se take wat voorlê. Hulle kan skryf oor iets belangriks wat hulle moes doen, maar daarvan vergeet het. Of hulle kon die oggend wakker word in ’n vrolike gemoedstoestand oor iets besonders wat gaan plaasvind en daaroor skryf.<br><br>Die opstel kan ook ’n spannende opstel wees. Daar was ’n klop aan die deur/venster/iets het op die dak geval/daar was vreemde geluide in die huis. ’n Ongeluk in die huis het plaasgevind/’n huisrooftog/’n ongeluk in die straat/iemand het skielik siek geword of gesterf/die bure het aan die baklei geraak/’n plaasaanval. | [50] |
| 1.2 | **Moet nooit tou opgooi nie.**<br>In hierdie opstel skryf kandidate oor hulleself en/of ander persone soos familie of vriende wat al uiters suksesvol in die lewe was omdat hulle nooit tou opgegooi het nie, al was die uitdagings wat hulle paaie gekruis het of waarvoor hulle te staan gekom het, hoe fel en moeilik.<br><br>Daar kan baie voorbeelde genoem word – kandidate wat bv. akademies en/of in sport geweldig gesukkel het om die mas op te kom, maar volhard het totdat hulle sukses behaal het. Hulle het nie in sak en as gaan sit nie, maar gepoog om die beste van elke geleentheid gebruik te maak. Kandidate kan ook noem wat hulle alles in die stryd gewerp het om hulle doel te bereik. Of hulle is/was gedurig siek, maar gee nie moed op nie/het nie moed opgegee nie. Hulle is bereid om ten alle | |

| | | |
|---|---|---|
| | koste staande te bly, al kom daar soms terugslae. Die terugslae kry hulle nie onder nie. Hulle gaan nie op moedverloor se vlakte sit nie.<br><br>Kandidate hoef nie noodwendig net oor hulleself te skryf nie, maar kan voorbeelde noem van persone wat hulle ken wat ook nooit in die lewe tou opgooi of opgegooi het nie. Hulle weet moontlik van mense wat finansieel gesukkel het, maar wat alles in die stryd gewerp het om weer ’n waardige bestaan te voer. Hulle ken dalk mense wat depressief is, maar wat geweier het om onder die besembos te gaan lê. | [50] |
| 1.3 | **’n Ware vriend/vriendin is iemand wat alles van jou weet.**<br><br>In dié opstel gaan kandidate oor ’n vriend/vriendin skryf wat vir hulle baie beteken en met wie hulle ’n besondere band het. Dit is uitsonderlik dat ’n kandidaat nie ’n goeie vriend/vriendin sal hê nie. Die vriend/vriendin se naam kan genoem word en daar kan geskryf word oor hoe hulle vriende geword het en hoe lank hulle al vriende is. Het hulle ’n vriend/vriendin van dieselfde geslag of andersom? Wie nie vriende het nie, is gewoonlik eensaam en alleen.<br><br>Oor die waarde van die vriendskap kan ook geskryf word. Dit is immers die interpretasie van die onderwerp. Dit handel oor die betekenis van ’n vriendskap en wat die kandidaat alles met hom/haar deel. Kandidate kan skryf oor die vrymoedigheid wat hulle het om alles wat in hulle lewens aangaan met hulle vriend/vriendin te deel – hoogte- en laagtepunte, vreugdes en hartseer.<br>Daar kan oor die vertrouensverhouding wat ’n ware vriendskap inhou, geskryf word. Vriendskapppe is baie kosbaar en juis daarom kan gevoelens met vriende gedeel word.<br><br>Ware en opregte vriendskappe handel nie net oor die deel van gevoelens of geheime nie, maar dit gaan ook oor die saamwees as vriende. Die vreugde van ’n vriendskap lê juis daarin dat die vriendskapsverhouding “oop” moet wees en dat daar geen spanning tussen vriende moet wees nie.<br><br>Al is vriende nie altyd saam nie, bly die vriendskapsband stewig en word daar voortdurend met mekaar in verbinding getree, bv. deur SMS’e, WhatsApp-boodskappe, facebook en e-posse. | [50] |
| 1.4 | **Sal wesens van ander planete graag met aardbewoners kennis wil maak?**<br><br>Kandidate kan oor hierdie onderwerp redeneer of argumenteer. Sommige gaan redeneer dat ruimtewesens graag met aardbewoners kennis wil maak en ander gaan weer redeneer dat ruimtewesens nie graag of glad nie met aardbewoners kennis sal wil maak nie.<br><br>Dié wat van mening is dat ruimtewesens graag met ons sal wil kennis maak, kan skryf oor intelligente wesens wat hulle intelligensie en moderne tegnologie met aardbewoners wil deel, byvoorbeeld hoe om vinnig deur die ruimte te reis/met jou | |

| | | |
|---|---|---|
| | rekenaar te praat sonder om te tik/ultramoderne kommunikasiestelsels/die genesing van dodelike siektes/deur mure te kan loop/motors wat kan vlieg/hoe om altyd jonk te bly. Kandidate wat ruimtewesens graag op die ondermaanse wil verwelkom se verbeelding kan met hulle die loop neem.<br><br>Kandidate wat van mening is dat ruimtewesens glad nie met aardbewoners kennis sal wil maak nie, kan onder andere verwys na kindermishandeling/menseroof/misdaad/oorbevolking/vuil strate/swak dissipline/korrupsie/armoede/hongersnood/pandemies/inperkings/oorloë/haat/ jaloesie/aardbewings/oorstromings/motorongelukke/moord/doodslag/ oneerlikheid/padwoede/disrepek/diefstal. | [50] |
| 1.5 | **Ouers laat hulle kinders te veel vryheid toe.**<br><br>Daar is deesdae talle klagtes oor sommige kinders wat net maak wat hulle wil en dit alles onder die sambreel van sogenaamde vryheid. ’n Vryheid wat eintlik geen grense het nie en daarom word ouers dikwels daarvan beskuldig dat hulle hul kinders te veel vryheid toelaat. Die grense van dissipline, waardes en respek is besig om geleidelik te verbrokkel. Sekere pa’s sien byvoorbeeld niks daarmee verkeerd dat hulle seuns saam met hulle alkoholiese drankies geniet en rook nie en dogters word toegelaat om verhoudings aan te knoop wat dikwels bo alle waardes en norme uiters twyfelagtig is. Sommige ouers is van mening dat kinders die vryheid moet hê om self besluite te neem.<br><br>Wanneer kinders in skole oor hulle swak gedrag aangespreek word, is die ouers baie gou by die skool om die betrokke onderwyser(s) aan te val, in plaas daarvan dat die ouers eers uitvind wat die kind in die klas/by die skool verkeerd gedoen het. Op so ‘n wyse kry die kind die groen lig om die gesag van die onderwyser(s) te ondermyn en bied dit hulle die vryheid om maar voort te gaan met hulle ongedissiplineerde optrede, al weet hulle hul optrede was verkeerd. Die kinders weet die ouers luister na hulle sonder om hulle oor hulle onaanvaarbare optrede in die klaskamer aan te spreek.<br><br>Om kinders te veel vryheid toe te laat is ook die oorsaak dat kinders onveilig begin voel, want hulle weet nie watter perke daar aan hulle gestel word en hoe ver hulle hul vryhede mag “misbruik” nie. Die klem val op **TE** veel. Kandidate kan skryf dat kinders vryhede toegelaat mag word, maar die kinders moet weet tot in watter mate die vryhede grense en beperkinge het en watter vryhede risiko’s inhou. | [50] |
| 1.6.1 | **Prent** (Drie manlike figure) *****<br><br>Met die prent in gedagte kan kandidate moontlik skryf oor hulleself, hulle oupas/ouer mans/ooms wat hulle ken.<br><br>Daar kan geskryf word oor ’n gesprek tussen die drie/vertel van grappies/geskerts met die jonger seun/een of ander gebeurtenis wat hulle saam beleef het. Elkeen kan sy/haar eie lewensverhaal vertel. | |

| | | |
|---|---|---|
| | Daar kan ook oor gesprekke tussen mense/mans oor die algemeen geskryf word. Kandidate kon gesprekke tussen mense/mans afgeluister het en daaroor skryf. Daar kan gefokus word op ouderdomsverskille tussen die drie en hoe elkeeen sy ouderdom beleef en wat hulle al in die lewe bereik het. Watter prestasies het hulle bereik? Was daar teleurstellings waaroor hulle nou lag.<br>Belese kandidate kan skryf oor vergaderings/kongresse/komitees/jaarvergaderings waarby mense bymekaar is om standpunte te huldig/menings te lug/geskille op te los.<br>Die opstel moet met die drie mans verband hou. | [50] |
| 1.6.2 | **Prent** (Die fietsryer en die hond) *****<br><br>Talle kandidate gaan moontlik oor die fiets en die kwaai hond skryf en hoe hulle al self ’n nare en onaangename ervaring met ’n kwaai en aggressiewe hond gehad het terwyl hulle fietsgery het en hoe hulle van die hond ontslae geraak het, of selfs gebyt/van die fiets afgestamp is.<br><br>Honde-eienaars kan daarvan beskuldig word dat hulle nie na hulle honde omsien nie en hekke ooplos sodat honde vry in die straat kan rondhardloop en straatgebruikers voortdurend lastig val. Daar kan oor kwaai en losloperhonde oor die algemeen geskryf word en watter probleme sulke honde op straat veroorsaak. Die gevaar van hondsdolheid en honde wat mense op straat aanval, byt en verskeur kan ook genoem word. Oor die teendeel kan ook geskryf word. Fietsryers kan daarvan beskuldig word dat hulle honde met opset terg.<br><br>Sommige kandidate kan skryf oor hoe hulle met hulle fietse en honde in die straat ry en geen probleme met hulle honde het wat ander fietsryers jaag nie en hoe hulle dit geniet om in die straat met hulle hond te ry. Of hulle kan skryf oor hoe hulle sien hoe iemand op ’n fiets deur ’n kwaai hond gejaag word.<br><br>Die opstel moet met die fiets en die hond verband hou. Hierdie onderwerp kan met die verbeelding van die kandidate die loop neem. | [50] |
| 1.6.3 | **Prent** (Meubels) *****<br><br>Die kandidate kan oor ’n legio onderwerpe oor meubels skryf.<br><br>In ’n verhalende opstel kan hulle skryf oor die dag toe hulle moes verhuis en hoe die vervoermaatskappy die meubels gelaai het. Hulle kan die meubels in hulle huise beskryf en watter van die meubelstukke besondere kosbare waarde vir hulle inhou. Is al die meubels op een slag aangekoop of mettertyd? Watter meubelstukke is onnodig in die huis en watter is noodsaaklik? Is daar te veel meubels in die huis of verkies kandidate minimalisme?<br><br>Hulle kan verskillende tipes meubels beskryf en wat die funksie van elke meubelstuk is. ’n Verhaal kan oor elke meubelstuk geskryf word. Is meubels vir hulle mooi? Verkies hulle eenvoudige of deftige meubelstukke? Hulle kan die meubels in hulle kamers beskryf. | |

| | | |
|---|---|---|
| | In 'n argumenterende opstel kan kandidate oor die duur pryse van meubels argumenteer en hoe daar deesdae na bekostigbare meubels gesoek word.<br><br>Die opstel moet met meubels verband hou. | [50] |
| | * **Die woorde tussen hakies verwys NIE na enige titel wat kandidate moet kies nie, maar bloot na die prent.** | |

## TIPES OPSTELLE

### VERHALENDE OPSTEL

Die skryf van ’n verhalende opstel handel oor die aanbied van ’n reeks gebeure in ’n sinvolle volgorde, vanuit enige perspektief.

**Hou die volgende in gedagte**:

- ’n Treffende inleiding boei die leser.
- Dit handel oor iets wat gebeur het en vertel word (’n storie of gebeurtenis uit die verlede).
- ’n Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar dit kan fiktief wees.
- Woorde en frases moet beskrywend wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- Die slot moet ongewoon, verrassend, interessant en onvoorspelbaar wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Die opstel word in die verlede tyd geskryf.

### BESKRYWENDE OPSTEL

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Waarnemings met al vyf sintuie en ’n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, ’n eie belewing en sinvolheid geniet aandag. (Dus meer as net die opnoem van waarnemings.)
- Tekste kan varieer van meer realisties na ’n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word oorspronklik aangewend en moet by die onderwerp of inhoud pas.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Beskrywing het atmosfeer en stemming ten doel: dit word gedoen deur die konnotasie en nie denotasie van woorde nie.
- Stylfigure kan gebruik word.
- Iemand of ’n gebeurtenis word beskryf sodat die leser dit as werklik ervaar.

## BEREDENEERDE OPSTEL

Dit is objektief en probeer om ’n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van ’n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot ’n spesifieke gevolgtrekking aan die einde van die opstel kom, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik ontleed wees in die ontwikkeling van die opstel.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die opstel handel oor ’n onderwerp waaroor ’n standpunt, alreeds tydens die inleiding, ingeneem word.
- Albei kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud moet oortuig en logies en helder ontwikkel.
- Dit bevat goed gemotiveerde en ondersteunende stellings.
- ’n Gevolgtrekking word bereik in die slotparagraaf en sluit by die inleiding aan.
- Die slot gee ’n sterk aanduiding van die skrywer se mening.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Hoewel objektief, kan die skrywer ook persoonlik raak.

## ARGUMENTERENDE OPSTEL

Die skrywer het ’n spesifieke mening en argumenteer daaroor om sy/haar standpunt te motiveer. Dit is ’n subjektiewe opstel.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit is subjektief en definitiewe opinies moet gestel word.
- Lug ’n eie mening op ’n oorspronklike wyse.
- Gee ’n reeks argumente om perspektief te motiveer.
- Konsentreer op argumente vir/teen ’n standpunt.
- ’n Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke kan gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel, maar nie kru is nie, kan gebruik word.
- ’n Duidelike en oortuigende slot is noodsaaklik.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

## BESPIEGELENDE OPSTEL

Die skrywer oorweeg of deurdink ’n idee/lewenswaarheid en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die probleem, situasie, saak of onderwerp word omskryf.

- Die onderwerp word bepeins of oordink.
- Verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- ’n Eie mening word gevorm (logies en sistematies).
- Daar is ’n definitiewe struktuur, maar ’n gevolgtrekking is nie nodig nie.
- Dit hoef nie ’n gebalanseerde bespreking te bied nie – dit kan humoristies of ernstig beskryf word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**FEITELIKE OPSTEL**

Die skrywer gee feite weer wat deur betroubare bronne, tydskrifte, koerante en gewaarwordings versamel is. Dit is iets wat werklik plaasgevind het.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die opstel moet ooglopend op navorsing gebaseer wees.
- Die navorsing moet tot sinvolle argumente en gevolgtrekkings lei.
- Paragrafering is belangrik ten opsigte van die afbakening van argumente.
- Die inleidende paragraaf moet dit duidelik stel waaroor die opstel handel.
- Die slotparagraaf is ’n gevolgtrekking wat op die argumente en feite berus.
- Standpuntstelling moet onomwonde gedoen word.
- ’n Betogende styl is onaanvaarbaar.
- Taalgebruik kan vakterminologie insluit, maar dit moenie vreemd vir die teikengroep wees nie.

*[Bron verwerk uit: Piekfyn Afrikaans. Gr. 12. Riens Vosloo et al. 2013]*

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

**AFDELING B** word volgens die aangehegte rubriek uit **25** geassesseer. **TWEE** tekste word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

Die kodes word aan die einde van die transaksionele tekste soos volg aangedui:

**Voorbeeld:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Inhoud: | I | = | K – 11 |
| 2. Taal, styl en redigering: | T | = | G – 5 |
| Skryf die totaal van die transaksionele teks aan die regterkant (onder die transaksionele teks). | | | 16 |

Dra die punt uit 25 oor na die **BEGIN** van die transaksionele teks. Dit behoort by die beplanningsgedeelte te wees.

## 2.1 **E-POS**

Die e-pos word aan die kandidaat se oom/tannie gerig.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die e-pos is die verspreiding van ’n boodskap of boodskappe of die deel van inligting via die internet aan ’n spesifieke ontvanger of ontvangers.
- In dié geval word die e-pos aan die kandidaat se oom/tannie gerig.
- Die formaat en inhoud van die e-pos is soortgelyk aan dié van informele briewe, soos bv. dat die e-pos in paragraafformaat (drie tot vier paragrawe) geskryf word en die taalgebruik meer informeel is met woorde soos bv. “jy” en “jou” wat gebruik word.
- Wees versigtig dat woordkeuses nie aanstoot gee of gevoelens seermaak nie.
- Vermy negatiwiteit of sarkasme.
- Moenie onnodige leestekens, soos bv. uitroeptekens, gebruik nie.
- Dink na oor hoe die ontvanger die boodskap van jou e-pos gaan interpreteer en daarop reageer wanneer hy/sy dit lees.
- Die slot van ’n e-pos is net so belangrik soos die inleiding.

**VOORBEELD:**

| | |
|---|---|
| Van | **Skryf jou e-pos adres, bv**. (jan2288@gmail.com / sanet9988@gmail.com) |
| Aan | **Ontvanger se e-posadres, bv.** (gert1234@gmail.com / erna8765@gmail.com) |
| Datum | **Skryf die datum, bv.** (16 Mei 2024) |
| Onderwerp | **Dit is die opsomming van die inhoud van die e-pos, bv.** (Spoedige beterskap) |

**Boodskap**: (Opsioneel)

Beste/Liewe oom Gert/Oom/tannie Erna/Tannie

**reël oop**

**Inleiding**: Die inleidende paragraaf kan bv. met die volgende sin/sinne begin:

Die nuus dat Oom/Tannie in ’n motorongeluk betrokke was, was vir my ’n geweldige skok. Ek is bly dat Oom/Tannie die dood vrygespring het en in die hospitaal aansterk.

**reël oop**

**Liggaam**: In die tweede paragraaf kan die skrywer navraag doen oor die oorsaak van die ongeluk asook die aard van beserings.

**reël oop**

In die derde paragraaf praat die skrywer/skryfster sy/haar Oom/Tannie moed in en spreek die hoop uit dat hy/sy spoedig sal herstel en weer met sy/haar lewe sal kan voortgaan.

**reël oop**

**Slot**: In die laaste paragraaf kan die skrywer bv. ’n voorstel maak dat, sodra sy/haar Oom/Tannie uit die hospitaal ontslaan is, hulle ’n afspraak kan reël om saam te kuier. Die skrywer/skryfster van die e-pos kan sy/haar Oom/Tannie aanmoedig om ook ’n e-pos te skryf en van sy/haar ervaring in die hospitaal te vertel.

**reël oop**

Groete.

Jan/Sanet

**[25]**

## 2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Die brief word aan die kandidaat se neef/niggie gerig.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die taal, toon en register is informeel, bv. jy/jou.
- Die taal, toon en register kan ook formeel wees, bv. u
- Die adres van die skrywer moet in die brief verskyn.
- Die brief moet ’n inleiding, liggaam en slot hê.
- Die kandidaat se neef/niggie moet direk aangespreek word.
- Skryf nugter in beskrywende en eenvoudige taal.
- Die doel van die brief is om geluk te wens.

(Geen **leestekens** word gebruik nie.)

Posbus 345
Pretoria
0001
1 Maart 2024

**reël oop**

Liewe/Beste Gert/Neef/Nefie/Ria/Nig(gie) (Geen **leestekens** nie)

**Inleiding**: In 'n kort inleidende paragraaf skryf die kandidaat oor die rede waarom die brief geskryf word, bv.: Ek het in die koerant van jou besondere prestasie gelees. Die skildery is pragtig/iets besonders.

**reël oop**

**Liggaam**: In enkele paragrawe spreek die kandidaat sy/haar gelukwense uit oor die besondere prestasie wat sy/haar neef/niggie behaal het en hoe trots die kandidaat op sy/haar neef/niggie is.

**reël oop**

**Slot**: Die kandidaat wil graag weet hoe sy/haar neef/niggie sy/haar kunstalent verder gaan ontwikkel en/of sy/haar neef/niggie weer vir kunswedstryde gaan inskryf.

**reël oop**

Liefdegroete**.**/Beste groete**.**/Beste wense**.**/Vriendelike groete**.**/Groete**.**
(**Punt** aan die einde. Dit is die laaste sin van die brief; daarom die punt.)

**reël oop**

Jou neef/niggie (Opsioneel) (Geen **punt** nie)
Hennie/Elma (Geen **punt** nie)

**[25]**

## 2.3 FORMELE BRIEF AAN DIE PERS

Die brief handel oor: **Rommelstrooiing in die strate en langs die pad.**

**Hou die volgende in gedagte:**

- Inhoudelik handel die brief oor rommelstrooiing.
- Verduidelik die rede waarom jy dink mense rommel by motorvensters uitgooi.
- Bied duidelike oplossings aan hoe om rommelstrooiing te beheer/die probleem van rommelstrooiing die hoof te bied.
- Die styl, taal, toon en register is formeel.
- Skryf nugter en saaklik.

**FORMELE BRIEF AAN DIE PERS – FORMAAT**

Geen leestekens nie.

Posbus 257
Pretoria
0001
15 Julie 2024

Die Redakteur
Die Dagblad
Posbus 452
Johannesburg
2000

**reël oop**

Geagte mnr / mev Snyman (**Punt** na aanspreekvorm nie nodig nie.)

**reël oop**

ROMMELSTROOIING/<u>Rommelstrooiing</u>

**reël oop**

**Paragraaf 1**: Kandidate skryf in twee/drie sinne oor rommelstrooiing in strate en langs die pad.

**reël oop**

**Paragraaf 2**: Verduidelik kortliks waarom rommelstrooiing onaanvaarbaar is.

**reël oop**

**Paragraaf 3**: Bied oplossings aan hoe om rommelstrooiing die hoof te bied/op te los.

**reël oop**

Die uwe
(Handtekening)
Mev. / Mej. / Mnr. R. Killian (Punte na titels en voorletter(s) opsioneel.)

**[25]**

## 2.4 OPKIKKERS VOOR SPORTWEDSTRYDE

’n Artikel is ’n skryfstuk wat oor ’n bepaalde onderwerp handel. In hierdie geval **opkikkers voor sportwedstryde**.

**Opkikkers voor sportwedstryde**

Louis Henning (Vredenburg)

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die tema/onderwerp moet interessant aangebied word.
- Die onderwerp moet aktueel wees en die leser se aandag trek.

- Die titel/opskrif is kort en treffend en moet by die onderwerp pas.
- Die inleidende paragraaf moet die inhoud ontsluit, kort en kragtig wees en die leser dadelik in die prentjie bring.
- Die belangrikste nuus/inligting moet eerste gestel word.
- Die inligting moet duidelik uiteengesit word. Subtitels kan gebruik word.
- Die inhoud/inligting moet logies en betroubaar wees.
- Die woorde moet eenvoudig en verstaanbaar wees.
- Die styl moet maklik verstaanbaar en interessant wees. Die teikengroep moet in gedagte gehou word.
- Feite kan opspraakwekkend wees.
- Aanhalings kan gebruik word.
- Die slotparagraaf bevat die gevolgtrekking waartoe gekom word.
- Die artikel word in die bedrywende vorm geskryf.
- Deeglike kennis oor die onderwerp is belangrik.
- Die artikel kan in paragrawe/kolomme aangebied word.

**[25]**

2.5 **AGENDA EN NOTULE**

’n **Notule** is die verkorte geskrewe verslag van alle besprekings op ’n vergadering.

**NOTULE**

Agenda van ’n vergadering van die Fikstrap-fietsvereniging wat op Maandag, 24 April 2024, om 19:00 in die skoolsaal van Hoërskool Laeveld gehou word.
(Die naam van die organisasie, aard van die vergadering, dag, datum, tyd en plek word aangedui.)

1. Opening en verwelkoming
   Die voorsitter verklaar die vergadering geopen en heet die lede welkom.

2. Bywoning en verskonings
   Noem die titel, voorletters en van, van lede teenwoordig en van dié wat verskoning gemaak het.

3. Notule van die vorige vergadering
   Die notule van die vergadering word gelees, goedgekeur en onderteken.

4. Sake uit die notule
   Sake uit die vorige notule word bespreek (4.1 – 4.3).

5. Nuwe sake
   Sake wat tydens die vergadering bespreek sal word (5.1 – 5.3).

6. Algemeen
   Die ander sake wat tydens die voorhou van die agenda genoem is, word nou bespreek (6.1 – 6.2).

7. Datum van volgende vergadering
   Die datum van die volgende vergadering word bepaal.

8. Afsluiting
   Die tyd waarop die vergadering verdaag, word hier genoem.
   Handtekening: Voorsitter      Handtekening: Sekretaris.

**[25]**

2.6 **FORMELE TOESPRAAK**

Die formele toespraak word voor die tyd voorberei om tydens die lewering daarvan, in dié geval om die hoof en onderwysers te bedank dat hulle jou aangewys het as die leerling wat die beste vordering op akademiese gebied getoon het.

**Hou die volgende in gedagte:**

- ’n Opskrif moet gegee word.
- Die toespraak moet die volgende detail bevat:
  - **Inleiding**: Onderwerp word ingelei. Die gehoor se aandag word getrek.
  - **Paragrawe**: Die onderwerp word in verskillende hoofpunte verdeel en dit word in verskillende daaropvolgende paragrawe bespreek.
  - **Slotparagraaf**: ’n Treffende slot wat die onderwerp saamvat.
- Die inleiding moet só interessant wees dat dit die gehoor se aandag onmiddellik boei. Die openingsin is die belangrikste.
- Elke paragraaf handel oor ’n nuwe feit.
- Maak gebruik van formele en informele spreektaal: Die hoof en
- onderwysers word as “u” aangespreek en die maats as “julle”.
- Die inhoud moet bruikbaar en geskik wees.
- Die inhoud moet georden en logies wees.
- Feite moet kronologies wees.
- Die taal, styl en register moet by die gehoor en die onderwerp pas.
- Kort en kragtige sinne het trefkrag.
- Die slot moet ’n treffende boodskap inhou. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: [25 × 2] = [50]**

**GROOT TOTAAL: [100]**

© SACAI KOPIEREG